## MAURITANIË (no 21 op WWL)

**Bevolking: 5,4** Miljoen; **Godsdiens:** Moslem 99,2%, Christen 0,1%
**Onbereik**: 99,8% van totale bevolking

**HET U GEWEET ?** Islam regeer Mauritanië al meer as 1 000 jaar. Christene ly gereeld onder wrede aanvalle deur Islamitiese ekstremiste. Bekeerlinge uit Islam na die Christendom ervaar ernstige teenkanting van hul families en gemeenskappe. Openbare uitleef van geloof deur Christene wat nie Mauritaniërs is nie, kan as pogings beskou word om Moslems tot die Christendom te bekeer. Dit lei tot gevangenisstraf en deportasie. Hierdie werklikhede maak dit byna onmoontlik vir Christene om hulle geloof openlik uit te leef.
Die regering het aangedui dat dit die streng wette teen afvalligheid sal toepas. Sedert 2018 sluit hierdie wette die doodstraf in, sonder enige moontlikheid van strafvermindering op grond van berou. Dit beteken dat enige Moslem wat skuldig bevind word daaraan dat hy/sy Islam verlaat het of godslastering gepleeg het, verpligtend tereggestel moet word. Tot dus-ver het daar egter nog geen teregstellings plaasgevind nie. *(Open Doors)*




Worldometers.info

**Bid asseblief :**

- Vir die volgelinge van Jesus wat onder die druk leef van aangehitsing van openbare betogings teen hulle geloof.
- Dat die wet wat dit onwettig maak vir Moslems om hulle tot die Christendom te bekeer, herroep sal word.
- Vra God om die klein gemeenskap van gelowiges te bemoedig, dat hulle geloof groei en hulle geleenthede om die Evangelie met Moslems te deel vreesloos sal benut.

*"Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.".” Mark 16:15*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## MALI (no 15 op WWL)

**Bevolking:** 26 miljoen; **Godsdiens:** Moslem 96%, Christen 0,7%
**Onbereik**: 91,5% van totale bevolking

**HET U GEWEET?** Sommige volgelinge van Jesus ervaar só ernstige vervolging dat hulle in groot dele van die land nie kan woon nie. In hierdie gebiede teiken Islamitiese ekstremiste Christene met geweld, ontvoering en die afbrand van kerke. Evangeliese predikante en gelowiges is veral kwesbaar en word dikwels daarvan beskuldig dat hulle agente van die Weste is.
Georganiseerde misdaad en sistemiese korrupsie vererger die bedreiging. Islamitiese ekstremiste maak gebruik van smokkelroetes, onwettige mynbou en ondergrondse netwerke, wat wettelose gebiede skep waar Christene weerloos en sonder beskerming gelaat word. Onder militêre bewind het staatsonderdrukking verder toegeneem. Christen leiers en aktiviste wat dit waag om hulle uit te spreek, word aan intimidasie en arbitrêre aanhouding onderwerp.




Worldometers.info

**Bid asseblief :**

- Dat God 'n weg sal baan vir vrede, dat veiligheid herstel sal word en dat Christene in veiligheid en vryheid sal kan leef.
- Vir gelowiges wat alles op die spel plaas ter wille van hulle geloof in Christus.
- Vra God om die organisasies in Mali te versterk wat ontwortelde gelowiges ondersteun deur in hulle basiese behoeftes te voorsien.
- Dat Moslems deur die evangelie verander en tot geloof in Jesus kom.

*“Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle.” Joh. 14:27*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## NIGER (nr 26 op WWL)

**Bevolking:** 28 million; **Godsdiens:** Moslem 95,5%, Christen 1,6%
**Onbereik** : 98,2% van totale bevolking

**HET U GEWEET?** Sedert die staatsgreep in 2023 wat 'n reeds brose land verder gedestabiliseer het, het die situasie vir Christene aansienlik versleg,. Die onstabiliteit het Islamitiese militante, veral die Islamitiese Staat-groep en Al-Kaïda, versterk. Streng Islamitiese wetgewing word ingestel en afgedwing, kerkgeboue vernietig en gelowiges vermoor. Die land se grense met Mali en Burkina Faso is onbewaak, wat dit vir militante maklik maak om oor te steek. Gelowiges, veral bekeerlinge uit die Islam, moet in die geheim aanbid en leef voortdurend onder die bedreiging van geweld, ontvoering en die dood. Daarbenewens beteken die gebrek aan die oppergesag van die reg in Niger dat radikale Islamitiese ideologieë maklik deur die samelewing versprei, wat die lewe vir Christene al hoe gevaarliker maak. *(Open Doors)*




Worldometers.info

**Bid asseblief :**

- Vir doelgerigte pogings om die evangelie te verkondig aan diegene jonger as 15 jaar, wat die helfte van die land se bevolking uitmaak.
- Vir beskerming van Christene wat voortdurend deur Islamitiese militante aangeval word, en vir dié wat reeds ontwortel is.
- Dat bekeerlinge uit die Islam die Here se voorsiening in al hulle fisiese en geestelike behoeftes sal ervaar.
- Vir spoed en noukeurigheid vir Bybelsvertalers

*"Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word." Rom. 10:13*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## GUINEA

**Bevolking:** 15 miljoen **Godsdiens**: Muslim 83% Christian 4%
**Onbereik:** 87% van totale bevolking

**HET U GEWEET?** Guinee se politieke situasie is 'n saak vir ernstige gebed. Suksesvolle verkiesings gedurende die 2010's, is gevolg deur 'n poging van die president om die grondwet te verander sodat hy langer in die amp kon bly. Ná grootskaalse protesoptogte en 'n voedselkrisis is die president in 2021 deur 'n militêre staatsgreep uit sy amp verwyder. Die militêre regering het belowe om teen 2024 weer burgerlike bewind in te stel. Die leier van die staatsgreep is egter in 2026 as president verkies. Sowat 43% van die bevolking is jonger as 15 jaar. Die klein Christelike minderheid deel die hoop in Christus met 'n nasie wat al lank deur armoede, korrupsie en onsekerheid geteister word. Die meeste Christene woon in die woude van die suidooste. Die afgelope 15 jaar het evangelisasie en kerkplanting verlangsaam, het die kerk agteruit gegaan, ook weens groot tekort aan Christen leiers.




Worldometers.info

**Bid asseblief :**

- Dat gelowiges sal volhard en bid teen die vyand wat jong en geestelik arm Christene probeer vernietig voordat hulle in die geloof kan groei.
- Vir geestelike en fisiese genesing ná 'n geslag wat deur burgeroorlog geraak is, en dat die Moslems die evangelie sal hoor en dit sal aanvaar.
- Vir die uitwissing van armoede, dwelmhandel en geweld.

*."Die regverdige het baie teëspoede, maar uit dié almal red die Here hom.” Ps. 34:20*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**